

Die perd, of een of ander onvoltooide dierefiguur, is uiters swak en kan gereken word as 'n vorm van vandalisme. Die rustige houding van die grootwild (eland, witrenoster en seekoei), kan dien as 'n aanduiding dat hierdie diere, en dus ook water, vroeër volop was in die omgewing. Hierdie terrein behoort vir die moontlikheid van 'n Sanbegraafplaas of rituele terrein verken te word, aangesien daar elders<sup>192</sup> rotsskilderye met die gesigkant na onder bo-op geraamtes gevind is.



Figuur 8: San-rotsskildery in die vingerverf-tegniek<sup>193</sup>

Die reeds genoemde terrein (Nauwpoort 257) met rotsskilderye bevat ook twee uitbeeldings: twee mense en 'n dier, wat onverwant aan mekaar blyk te wees (Figuur 8). Dit lyk na post-San-vingertegniewerke, waar die uitbeeldings met die vinger, deur 'n swak kunstenaar van 'n meer resente tydperk geskilder is. Hierdie dieruitbeelding van 'n bees of een of ander boksoort is haastig gedoen en die afwerking is swak, wat moontlik dui op die dringende behoefte van die betrokke kunstenaar om moontlik dit waarna hy smag, 'n stukkie vars vleis, op die rots uit te beeld.

<sup>192</sup> In die Coldstream-grot aan die mond van die Stormsrivier is skilderye op rotse met die gesig na onder, bo-op geraamtes gevind (tans in die Suid-Afrikaanse museum in Kaapstad) in C.M. de Villiers, "Rotskuns in Suid-Afrika", p. 4.

<sup>193</sup> GPA, proefskriffoto's: C. Gouws, Mooihoek/Nauwpoort 2008.06.04.

Die Koepelarea was nog wild toe die eerste pioniers van Europese afkoms<sup>194</sup> hulle daar kom vestig het. Nicolaas Cornelius Jansen van Rensburg (1790-1850) het op Diepsloot teen die rantjie gaan woon, omdat daar altyd "gate vol helder water" was.<sup>195</sup> Min het hy geweet dat dit eintlik luiperd-wêreld was. Eendag toe hy op pad was om hout te gaan kap, het hy een van sy kalfies wat half opgevreet was, langs die pad sien lê. Hy het "tierspore" (vroeër is daar na 'n luiperd as 'n tier verwys) gesien en dit gevolg. Toe hy 'n luiperd swaaiert in 'n gat gewaar, het hy hom, sonder 'n bang haar op sy kop, sommer aan sy stert uitgetrek. Die luiperd het na Nicolaas geklap en sy hele kopvel in die proses afgeskeur. Hy het homself met die byl verdedig en die luiperd glo doodgekap. Sy kopvel en hare het hy mooi teruggedruk en sy vrou het die kopvel weer met garing wat deur byewas getrek is, vasgework. Na hierdie episode het hy die bynaam "Tierkop" gekry, al sy afstammeling is as "Tierkoppe" uitgeken, en die sloot op Diepsloot 1186 het die naam "Tierkloof" gekry.<sup>196</sup> Nog 'n pionier wat 'n onderonsie met 'n luiperd in die Koepel oorleef het, was Marthinus Gerhardus Schoeman (1806-1886).<sup>197</sup> Een nag het hy en sy plaaswerker gaan ondersoek instel na 'n roering in sy bokkraal. Hy het 'n garsgerf aan die brand gesteek en in die lig daarvan 'n luiperd in die boom gesien. Die luiperd het Marthinus bespring, terwyl die werker die brandende gerf neergegooi en die hasepad gekies het. Marthinus het sy greep op die geweer verloor, maar met die bytslag sy vuis in die luiperd se keel gedruk, totdat dit versmoor het. Sy hand, wat baie seergekry het, het hy in heuningverbande, volgens 'n ou boereraat om infeksie te keer, toegedraai. Die hand het lank geneem om te herstel en was gevolglik misvorm, wat hom dan die bynaam "Heuninghandjie" besorg het.<sup>198</sup>

In die Wêrelderfenisgebied is daar soveel inheemse dierespesies, dat daar vir die strekking van die studiegebied onmoontlik nie aan almal aandag geskenk kan word nie. Daar sal vervolgens na 'n paar spesies en hulle nut vir die mens en omgewing, verwys word. Die Kaapse bobbejane (*Papio ursinus*) het oor die jare hulle habitat in die Koepel se krans- en rantgemeenskappe gehad. Hoewel

---

<sup>194</sup> Die woord "blankes" het vroeër verwys na die groep Suid-Afrikane van Europese herkoms.

<sup>195</sup> S.L. Jansen van Rensburg, Tierkoppe se naam 2008.10.23 in "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 23.

<sup>196</sup> S.L. Jansen van Rensburg, Tierkoppe se naam 2008.10.23 in "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 23.

<sup>197</sup> GPA, MO2, G.P. Schoeman (38), Venterskroon 2010.11.27.

<sup>198</sup> G.P. Schoeman, "Die storie van Heuninghandjie" in *Impak*, 3, 2010, pp. 19-20.

bobbejane omtrent in enige omgewing kan aanpas, kies hulle gewoonlik hulle weigebied naby standhoudende water. Om nuwe bobbejaanbloed na die “geologiese paradys” te bring,<sup>199</sup> is daar net voor die winter van 2002 ’n trop bobbejane op wyle Johannes van der Merwe se inisiatief op Thabela Thabeng (Buffelskloof), ’n plaas en eko-vakansieoord langs die Vaalrivier naby Venterskroon, vrygelaat. In November van dieselfde jaar is ’n tweede trop op Koedoekop, die wildsplaas van Johnny Claassens, vrygelaat. Die bobbejaan se sondes en gawes is deel van die omgewing en sy kultuur. Sommige van hierdie bobbejane is dood aan vergiftiging, maar die skuldiges het skotvry daarvan afgekom, ondanks die feit dat die polisie en die Trust vir Bedreigde Natuurlewe daarvan in kennis gestel is.<sup>200</sup> Van tyd tot tyd raak die bobbejane mak en maak hulle dan tuis in ’n plaaswoning.<sup>201</sup> Een mak bobbejaan het só sy intrek in die Gericke-huis op Eerste Geluk, geneem. Hy het egter besitlik teenoor mev. Gericke geraak en wou almal wat naby haar kom, aanval. Gevolglik moes hulle die Dierebeskermings-Vereniging (DBV) op Potchefstroom nader om die bobbejaan te verwyder. Berge, klowe (Bobbejaanrand), plante soos bobbejaantou (*Rhoicissus tridentata*) en plekke in die Koepel dra sy naam. In joernale van ontdekkingsreisigers, musiek, gedigte, romans, dramas, strokiesprente, asook in kinder- en volksverhale word daar oor hom geskryf. Verder gee hy betekenis aan sekere woorde en begrippe, soos *bobbejaanstreke*.

Die Vaalrivier, met sy digbeboste eilande en oewers, in die Koepelbergland met sy kombinasie van bos- en boomveld, afgewissel met klofies, rante, grasvelde, vleie en waterlopies, skep ’n unieke omgewing wat ryklik bedeel is met voëllewe.<sup>202</sup> Daar is reeds oor die 300 voëlsoorte<sup>203</sup> uitgekien in die Koepel, wat gereken word as ’n voëlparadys.<sup>204</sup> ’n Koepelgrondeienaar, Joe Viljoen, het saam met Erwin Bohmfalk van Virginia (V.S.A.) ’n Koepelvoëlboek gepubliseer.<sup>205</sup> In hierdie handige

---

<sup>199</sup> A. Gerber, *Bôgom*, pp. 7, 15.

<sup>200</sup> A. Gerber, *Bôgom*, p. 155.

<sup>201</sup> GPA, MO2, P.A. Gericke (66), Eerste Geluk 2011.02.10.

<sup>202</sup> E.G. van Pletzen, “Gryp jou verkyker” in *Impak*, Des. 2009, pp. 9-10.

<sup>203</sup> Vir ’n volledige voëllys, sien W.U. Reimold & R.L. Gibson, *Meteorite impact!* {3<sup>rd</sup> ed.} pp. 319-323; E. Bohmfalk & J. Viljoen, *Birds of the Vredefort Dome: an easy photographic field guide*, pp. 1-472.

<sup>204</sup> GPA, MO2, J.G.E. Fourie (75), Parys 2010.10.09; GPA, J.G.E. Fourie, Bird checklist: the Vredefort Dome & Vaal River area, g.p.

<sup>205</sup> E. Bohmfalk & J. Viljoen, *Birds of the Vredefort Dome: an easy photographic field guide*, pp. 1-472.

veldgids het hulle die wetenskaplike naam, Afrikaanse naam, beskrywing, voedsel, migrasiepatroon, neste, sosiale struktuur en grootte van elke voël by 'n volkleurfoto geplaas.

Die Koepel se stem is sinoniem met die roep van die visarend (*Haliaeetus vocifer*).<sup>206</sup> Seldsame voëlspesies wat hier vertoef, herinner 'n mens daaraan dat die uniekheid van die Koepel, afgesien van sy geologiese formasies, ook in die eiesoortige plant- en dieregemeenskappe lê. Hier leef spesies saam wat nêrens anders in die land op hierdie manier gekombineer word nie. 'n Alledaagse gesig is die kolgans-gesinnetjies (*Alopochen aegyptiaca*), die bloureiers (*Ardea cinerea*) en die slanghalsvoëls (*Anhinga rufa*). Slanghalsvoëls swem met hulle lywe heeltemal onder water sodat net hulle lang nekke uitsteek, of hulle droog hulle vere wyd uitgestrek in die son. Ongewone besoekers aan die Koepel soos die oopbekooievaar (*Anastomus iamelligerus*), wat agter die gunstige klimaat in die omgewing aan trek, lok gewoonlik wye belangstelling onder voëlkykers.<sup>207</sup> Verder is daar in die Koepel 'n aktiewe voëlklub<sup>208</sup> en reeds uitnodigings van "Voëlkyk-Toerisme" om plekke te identifiseer waar moontlike voëlroetes gevestig kan word.<sup>209</sup>

Vinke, soos die swartkeelgeelvink (*Ploceus velatus*), Kaapse wewer (*Ploceus capensis*), goudgeelvink (*Euplectes afer*) en rooivink (*Euplectes orix*) wat in die rivier se bome gewoon het, was egter vroeër jare vir die boere wat koring en lusern onder die leiwatervoor langs die Vaalrivier (soos op Kopjesdam 434) aangeplant het, 'n probleem.<sup>210</sup> Die jong seuns moes vóór sonop by die land wees om die voëls te verdryf.<sup>211</sup> Die stem is ingespan om die nodige lawaai te maak, met die karwats is daar geklap, en met die kleilat is kleibolletjies na die voëls geslinger. Verder het die gewone tarentaal (*Numida meleagris*), veral tydens

---

<sup>206</sup> H. du Plessis, *Verbrande paradys*, p. 147.

<sup>207</sup> J. Fourie, "Ongewone besoeker aan die Koepel lok groot belangstelling" in *Impak*, 3, 2010, p. 6.

<sup>208</sup> GPA, MO2, J.G.E. Fourie (75), Parys 2010.10.09; J. Fourie, advertensie naas "Ongewone besoeker aan die Koepel lok groot belangstelling" in *Impak*, 3, 2010, pp. 6-7.

<sup>209</sup> T. Burger, "Birdlife Wesvaal en die Koepel Bewarea" in *Impak*, 1, Des. 2009 – Jan 2010, p. 6; E.G. van Pletzen, "Gryp jou verkyker" in *Impak*, 1, Des. 2009 – Jan. 2010, pp. 6, 9-10; T. Burger, "BirdlifeSA Voëlatlasprojek besoek die Koepel" in *Impak*, 3, 2010, p. 5; N. McCartney, "Creating Birder-friendly establishments" in *Impak*, 4, 2010, p. 10.

<sup>210</sup> S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 7.

<sup>211</sup> S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", pp. 7, 23.

sonneblom-planttyd, groot skade aan gesaaides aangerig.<sup>212</sup> Daar bestaan verskillende bygelowe rakende die "betekenis" van voëlgedrag, soos dié wat reën voorspel.<sup>213</sup> Daar word beweer dat dit gaan reën indien die swaeltjie laag vlieg, die kokkewiet "wolk, wolk, kom uit!" skree, die korhaan vroeg in die môre roep, die vinke hul neste hoog bo die water bou, die bokmakierie met twee kuikens loop, of as die vleiloerie roep.<sup>214</sup>

Die belangrikste groep voëls wat 'n goeie vriend van die boer met muisprobleme is, is die groep uile wat in die Koepel voorkom. Van die verskillende uil- en naguilspesies wat in Suider-Afrika voorkom, is daar nege soorte in hierdie gebied geïdentifiseer.<sup>215</sup> Die Europese naguil (*Caprimulgus europaeus*), Afrikaanse naguil (*Caprimulgus pectoralis*), donkernaguil (*Caprimulgus tristigma*), rooiwangnaguil (*Caprimulgus rufigena*) en reuse ooruil (*Bubo lacteus*) is reeds hier deur voëltoeriste opgemerk. Verder kom daar ook die nonnetjie-uil (*Tyto alba*), die gevlekte ooruil (*Bubo africanis*), die vlei-uil (*Asio capensis*) en die bedreigde grasuil (*Tyto capensis*) algemeen in die Koepelomgewing voor.<sup>216</sup> Uile benut 'n wye reeks voedselbronne, soos klein soogdiere (hase en muise), voëls, reptiele (slange), paddas, krappe en insekte. Die uil as toekomsvoorspeller, in die besonder as onheilsbode, het hierdie eienskap waarskynlik daaraan te wyte dat hy 'n nagdier is.<sup>217</sup> 'n Uil wat op die dak skree, voorspel glo 'n sterfgeval en moet weggejaag word. Verskyn die uil in die dag, wat natuurlik onwaarskynlik is, is hy die draer van 'n goeie tyding.

Insekte kom in groot getalle oral oor die wêreld voor en daar is feitlik nie 'n enkele voedselbron wat hulle nie benut en geen omgewing waarby hulle nie aangepas is nie. Op die staproetes in die Koepel wat deur klowe, vleilande en stroompies vleg, is daar reeds oor die 100 verskillende skoenlapperspesies opgemerk.<sup>218</sup> Skoenlappers (*Lepidoptera*) is een van die mees sigbare insekte in die Koepel-

---

<sup>212</sup> S.L. Jansen van Rensburg, "Belewenisse in die Vredefortkoepel", p. 41.

<sup>213</sup> H. van der Merwe, "Volkswetenskap" in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur (6): boerewysheid*, p. 110.

<sup>214</sup> H. van der Merwe, "Volkswetenskap" in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur (6): boerewysheid*, p. 110.

<sup>215</sup> GPA, J.G.E. Fourie, Bird checklist: the Vredefort Dome & Vaal River area, g.p.

<sup>216</sup> R. Erasmus, "Ongelooflike uile" in *Impak*, 4, 2010, pp. 13-15.

<sup>217</sup> P.W. Grobbelaar, "Volksgeloof" in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur (6): boerewysheid*, p. 98.

<sup>218</sup> GPA, MO2, G. van Greuning (54), Sasolburg 2010.08.13.